

Lêerno.: 26/6/6/P  
Verwysing: 20240112-770

Omsendbrief: 0006/2024

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole in die Wes-Kaap

Kort opsomming: *Bekendstelling van die hersiene Regulasies op Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2024, ter voorbereiding van 2024 se beheerliggaamverkiesings.*

**Onderwerp: Hersiene prosedures vir die instelling en verkiesing van beheerliggame by openbare skole in 2024**

- Die doel van hierdie omsendbrief is om alle openbare skole in die Wes-Kaap in kennis te stel dat die *Regulasies op Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021*, wat in *Provinsiale Koerant* No. 8398 van 12 Maart 2021 gepubliseer is, herroep en vervang is deur die *Regulasies op Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2024*, soos gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 8879 van 07 Februarie 2024.
- Skole word vriendelik versoek om vir die verkiesings te begin voorberei deur te verseker dat alle tersaaklike dokumente in orde is en gereed is om in 2024 aan die nuutverkose beheerliggame oorhandig te word.
- Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief, die aangehegte regulasies en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se pamflet met inligting oor die verkiesings onder die aandag van alle betrokke personeel en lede van beheerliggame.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2024-03-01